

**10 Mei**

**Skrifgedeelte: Rigters 6**

**Fokusgedeelte: Rigters 6:11-32**

### **God verander ons twyfelvrees in geloofsmoed**

Die Here groet Gideon met die woorde: “Die Here is by jou, dapper man”! Dapper man ... terwyl Gideon besig was om in ‘n parskuip vir die Midianiete weg te kruip. ‘n Mens kan Gideon seker nie sy menslike vrees kwalik neem nie, want die bedreiging deur die Midianiete was ‘n wesentlike gevaar. Maar God sien alreeds in die bang Gideon ‘n man wat met groot dapperheid die volk van hulle vyande gaan verlos. Die Here gaan hom daarvan oortuig.

Gideon begin sy gesprek met die Here eers met verwyte en as die Here hom die opdrag gee, dan antwoord hy met verskonings. Is sulke optrede nie ook tipies van hoe ons dikwels optree as ons in beproewende omstandighede is nie? Daarom is dit nodig dat die Here vir Gideon verseker dat hy sy opdrag nie in eie krag sal kan doen nie, maar omdat die Here by Hom is. Die Here bevestig hierdie belofte met ‘n sigbare teken as Gideon se offer deur ‘n wonderwerk verteer word. Deur die gesprek en deur die teken verander God Gideon se twyfelvrees in geloofsmoed en aksie. Hy gehoorsaam die bevel van die Here en vernietig die altaar en aanbiddingspaal van Baäl.

So werk die Here ook met ons. Deur sy Woord aan ons te gee en deur die Immanueltteken - God met ons in Christus - word ons oortuig om nie te vrees nie. Die Here verseker ons vandag nog met die tekens van die Doop en die Nagmaal dat ons met geloofsmoed, met gehoorsaamheid en in God se krag ons werk in die koninkryk van God kan doen. Moenie verwyt nie, moenie nee sê nie. Gehoorsaam die Here en jou vrees sal verander in moed en daadkrag.

*Sing: Psalm 46:1*

*Ds P Venter (Rustenburg-Wes)*